### *Vrymaking van die siel en die gees wat in die siel begrawe is*

**12** "Let op! As jy in `n plek kom met die pragtigste gevormde en sierlik uitgedoste mense van beide geslagte, gaan dan dadelik verder, want daar kry die ryk van Elohim geen voet op die grond nie, omdat daar ten minste `n halwe Sodom en Gomorra te vinde is! Is. Die strafgerig van Elohim is ook nooit ver verwyderd van so `n plek nie, want sulke siele wat met die liggaam verstrengel is, wat tydens die grootste deel van hul bestaan byna alle bewussyn in hul liggaam begrawe het, is te ingrypend gebonde. En as hul skone liggame ook maar eers deur die slegte, ruwe en nog heeltemal onbeskaafde natuurgeeste van die lug besluip word, kan sulke gebonde siele hulle nie verweer nie en beswyk hulle spoedig tesame met hulle liggame, wat deur die innige verstrengeling met die siel baie vatbaarder en gevoeliger is as die vlees van `n liggaam met `n vrye siel.

[2] Gryp `n slag self so `n teer geboude stadsmeisie stewig aan die arm of aan `n ander liggaamsdeel en sy sal `n kreet van pyn los. Gaan egter buitentoe na `n werkende boer, wat benewens sy werk ook nog opreg sorg vir sy siel en vir die siele van sy kinders, dan kan jy die hande van die boer en sy kinders so stewig as wat jy maar wil beetpak en skud en hulle sal werklik nie sulke krete van pyn uiter nie!

[3] Julle dink seker dat die ongevoeligheid ontstaan het deur die swaar werk en die daardeur verkreë hardheid?! O nee, sê Ek vir jou! Die groter ongevoeligheid is maar net `n gevolg van die siel wat deur allerlei selfverloëning vryer van die liggaam geword het, waardeur dan ook die regte verharding van die liggaam tot stand kom.

[4] As alle sorg egter op die teerheid van die liggaam gerig is en daar selfs spesiale skole bestaan waar die liggaam deur allerlei gimnastiek so harmonies as moontlik en selfs deur allerlei salwe en olies so teer as moontlik gemaak word, dan is daar geen vrye en sterke siel meer nie; en as daar dan ook maar net `n sweempie van siekte oor sulke walglike swak liggame kom, dan hou die dood moeiteloos sy rykste oesfees.

[5] Dan word daar weer gekerm en gekla en die een halfgelowige mens na die ander sal sy mond oopmaak en sê: 'Hoe kan Elohim tog behae daarin hê om die mense deurentyd net met allerlei plae te kasty?!' Of Elohim bestaan glad nie, óf Elohim is te verhewe en bekommer Hom nie meer oor die erdwurms nie, of Elohim wil meer offers en wierook hê sodat mense Hom weer moet sus met ryke offers, magiese spreuke en wierook! Of Elohim is in Sy toorn ontstoke en wreek hom nou op die onskuldige, swakke mensdom; mens behoort daarom in sak en as boete te doen en moet minstens twaalf sondebokke in die Jordaan werp!

[6] Maar niemand dink daaraan dat al die lyding, alle siektes, alle oorloë, alle dure tye, honger en pes maar net ontstaan omdat die mense, in plaas van om alles vir hul siel en hul gees volgens Elohim se orde te doen, slegs alles vir hul liggame wil doen!

[7] Mense predik wel vir dooie siele oor die vrees vir Elohim, maar deur sy eie dooie siel glo die prediker dit self lankal nie meer nie. Hy glo slegs maar aan dit wat hy vir sy prekery kry en hoeveel eer en aansien sy preektalent, wat hy deur studie goed ontwikkel het, hom kan oplewer. En so lei die een blinde die ander en so wil die een dooie die ander dooie lewend maak. Die eerste een preek vir sy liggaam en die ander een luister na die prediking vanweë sy liggaam. Maar wat het `n doodsieke siel daaraan?

[8] Ek is `n geneser. Hoe kan Ek dit doen, vra die dooie en daarom heeltemal blinde mense hulleself af. En Ek sê vir julle dat ek van geen mens die liggaam genees nie, maar as `n siel nog nie te sterk met haar liggaam vermeng het nie, maak Ek slegs die siel vry en Ek wek, sover moontlik, die gees wat in die siel begrawe is, op. Hy (die gees) versterk dadelik die vry-geworde siel en sy (die siel) kan dan maklik alle gebreke van die liggaam in `n oogwink weer na die normale orde toe terugbring.

[9] Dit noem mense dan `n wonderbaarlike genesing, terwyl dit tog die gewoonste en natuurlikste liggaamlike genesing ter wêreld is! Wat iemand het, kan hy ook gee; wat hy egter nie het nie, kan hy ook nie gee nie!

[10] Wie `n lewende siel ooreenkomstig Elohim se orde het, met daarin `n vrye gees, kan ook die siel van sy broer vry maak, as sy nog nie te veel met die vlees vergroeid is nie en sy help dan baie maklik haar siek liggaam. As die sieledokter egter self `n baie siek siel het, wat meer dood as lewend is, hoe sou hy dan dit wat by homself ontbreek, aan `n ander siel kan gee?! Dink daaroor na!

[11] Dit is die voorwaardes om My leerling te word wat Ek nou aan julle voorgelê het en ook die werklike, eintlike oorsaak van die kwale van die wêreld. Doen nou wat julle wil! Ek neem julle nie as leerlinge aan nie, nóg hou ek julle teë om dit te word. As julle egter tog My leerlinge wil word, moet julle ook vóór alles eers julle siele vry en sterk maak, omdat julle andersins niks aan die navolging van My leer sou hê nie!"

### *Noag en die ark*

**13** Na hierdie toespraak is almal baie onder die indruk daarvan en dink in stilte: 'Eie skuld!' En die jong fariseër weet nie wat hy My daarop moet antwoord nie. Ook Cyrenius en Julius trek nou besorgde gesigte en ook Ebahl en selfs Jarah, wat haar vroulike skoonheid bedenklik begin te vind!

[2] En **Cyrenius** sê nadat hy `n rukkie diep nagedink het: "Majesteit en Meester, ek het met tye al heelwat dae en nagte saam met U deurgebring en ek het U baie wonderbaarlike dinge sien doen en U ook baie streng hoor praat, maar ek is nog nooit so van stryk gebring soos deur hierdie toespraak van U nie! Want volgens U huidige uitlating is dit met ons nie veel beter gesteld as ten tye van Abraham met Sodom en Gomorra nie. En al ons sorge, doen en late is heeltemal van die duiwel. Vriend, dit is `n baie harde les! Jammerlik genoeg is dit vir geen geld ter wêreld te verswyg dat U ons hier die naakte waarheid voorgelê het nie. Maar hoe kan `n mens dit nou sover bring dat `n mens heeltemal instem daartoe om al die wêreldse dinge die rug toe te keer, en om dan vervolgens alle tyd te gaan bestee aan die beskawing van die siel en die gees?"

[3] **Ek** sê: "Vriend, niks is makliker as dit nie! Jy bly wat en wie jy is en gee leiding aan dit wat aan jou toevertrou is, maar nie vanweë jou posisie nie, maar vir die welsyn van die mense!

[4] Want kyk, toe die water die aardbodem in Noag se tyd bedek het, wat eintlik bewoon was deur `n algehele verdorwe mensdom, dood die vloed alles in die verre omtrek behalwe Noag en sy klein familie en die diere wat Noag in die ark kon opneem, natuurlik met uitsondering van die visse in die water.

[5] Hoe het Noag egter met sy familie aan die lewe gebly, hoog bo die doodbringende golwe van die groot vloed? Wel, hy het hom in `n stewige bouwerk bevind wat die vloed baie gehoorsaam op haar rug moes dra. Die vloed kon nêrens die bouwerk binnedring waar sy ook vir Noag se lewe gevaarlik kon word nie!

[6] Hierdie dodelike vloed bestaan egter nog altyd geestelik op hierdie aardbodem en Ek sê vir jou dat hierdie geestelike en blywende sondvloed van Noag vir die lewe van die wêreldmense minstens net so gevaarlik is as die natuurlike ten tye van Noag.

[7] Hoe kan `n mens hom egter beskerm teen die verdrinkingsdood in die geestelike sondvloed? Ek sê vir jou: Wat Noag liggaamlik gedoen het, dit moet die mens nou geestelik doen en dan is die mens vir altyd beskerm teen die verdrinkingsdood in die groot en voortdurende geestelike sondvloed!

[8] Met ander woorde: Mense moet volgens die orde van Elohim ook aan die wêreld gee wat van die wêreld is - maar vóór alles aan Elohim wat van Elohim is!

[9] **Vir `n mens is die 'Ark van Noag': die ware nederigheid, naasteliefde en liefde tot Elohim**.

[10] Wie werklik nederig en vol suiwer, onbaatsugtige liefde tot Elohim die Vader en alle mense is, en wat altyd aktief trag om alle mense, indien moontlik, binne Elohim se orde te dien, die dryf behoue en goed bewaar oor die andersins so vinnig doodbringende water van alle wêreldse sonde en sal aan die einde van sy aardse lewensloopbaan, as die vloed vir hom sal sak en sal wegraak in die duistere diepte in, sal sy ark op die groot Ararat van die van lewe oorvloeiende ryk van Elohim `n goed versorgde rus kry en vir hom wat hy gedra het sal dit `n ewige woonhuis word."